SAAWE GEBEDSKALENDER DESEMBER 2026

E-pos: ena@swissmail.org ; Telefoon 083 6600 885

Dinsdag 1
Advent: Week 1 Tema: **HOOP** – *"Mag God, die bron van **hoop**, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle **hoop** al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees." Rom. 15:13*. Prys die Here vir die vaste **hoop** in Hom.

Woensdag 2
Sedert die uitbreek van die oorlog in Soedan in April 2023 het meer as 'n miljoen Soedanese na Egipte gevlug. Hulle het hul huise, lewensonderhoud en geliefdes verloor. Bid dat hulle in Egipte tot geloof in Jesus kom en nuwe hoop en vertroosting in Hom vind.

Donderdag 3
"Terwyl ons Nehemia bestudeer het, het ons besef dat die tyd van ontworteling ook 'n tyd kan wees om in ons geloof en hoop te groei en ons kerke en gemeenskappe weer op te bou, waar God ons ook al lei – hier in Egipte, terug in Soedan of in 'n ander land." Prys die Here vir hierdie reaksie van die pastors. Bid vir hulle.

Vrydag 4
Die Bybelgenootskap van Egipte dien al 30 jaar lank Soedanese gesinne. Wat as 'n klein Sondagskool begin het, het gegroei tot 'n bediening wat na honderde gesinne omsien deur kinderprogramme, onderwys, praktiese hulp en geestelike versorging. Bid dat hierdie bediening sal voortgaan om hoop aan Soedanese gesinne te bring.

Saterdag 5
Op 6 November is 'n 18-jarige Christen meisie in Suid-Soedan deur haar eie broer en neef doodgeslaan nadat sy geweier het om 'n gedwonge huwelik met 'n ouer Moslemman, wat deur haar familie gereël is, aan te gaan. Sy het geweier weens haar Christelike geloof. Bid dat hierdie gebruik tot 'n einde kom.

Sondag 6
Advent: Week 2 Tema: **VREDE** – "**Vrede** laat Ek vir julle na; my **vrede** gee Ek vir julle. Die **vrede** wat Ek gee, is nie die vrede wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie." Joh. 14:27. Prys die Here dat Hy **vrede** in ons harte gee.

Maandag 7
Christene in Kirgisië ervaar steeds sterk teenstand van hul families en gemeenskappe. Vyandigheid van die owerhede het toegeneem met die instelling van strenger godsdiensbeheer. Vra God om dié wat hulle van Islam tot die Christelike geloof bekeer, te beskerm en te versterk, aangesien sommige bekeerlinge erge vervolging kan ervaar.

Dinsdag 8
Manish, 'n Bengali-man uit 'n Hindoe-agtergrond, het 'n oudio-Bybel ontvang. Hy het gereeld daarna geluister en tot die geloof gekom dat Jesus Christus die ware God en die enigste bron van verlossing is. 'n Paar maande gelede is Manish en sy gesin gedoop. Prys die Here en bid dat nog baie Hindoes tot bekering sal kom.

Woensdag 9
Bid vir die pastore en gemeentelede in Nigerië wie se kerke en huise deur ekstremistiese Islamitiese terroriste afgebrand word. Hulle waag hul lewens wanneer hulle saamkom. Bid vir hul beskerming en vir die bekering van dié wat hulle vervolg.

Donderdag 10
Bid vir FEBA Radio se fondsinsameling Kersfeesprojek wat vir radio's en oudio-Bybels wat vir die eerste keer in Tsjad, Niger en Mali versprei sal word. Armoede en 'n geletterdheid van slegs 36% is groot uitdagings vir Evangelisasie.

Vrydag 11
Daffa, gedeeltelik verlam, woon in 'n klein dorpie in Wes-Mali. Hy het na FEBA-radio geluister en daarna 'n kerk in 'n nabygeleë dorp besoek, waar mense vir hom gebid het. Prys die Here dat Daffa onmiddellik genees is. Hy het dadelik sy lewe aan Christus toegewy. Bid vir vrymoedigheid om sy getuienis te deel.

Saterdag 12
Op 23 Oktober het gewapende mans tydens 'n begrafnisdiens by 'n kerk in sentraal-Jordanië ingebars. Hulle het op die skare losgebrand en nege mense doodgeskiet en nog 50 beseer. Bid vir vertroosting en genesing vir die getraumatiseerde oorlewendes en die gemeenskap.

Sondag 13
Advent: Week 3 Tema: **BLYDSKAP**
*"Wees altyd **bly** in die Here! Ek herhaal: Wees **bly**!" Fil. 4:4*
Dank die Here vir die blydskap wat Hy aan ons gee – die blydskap om te weet dat Jesus gekom het om sy lewe vir ons verlossing af te lê, en deur die Vader verlaat te word sodat ons nooit verlaat sal wees nie.

Maandag 14
Die aanval was besonder skokkend omdat Christene en Moslems in Karak geslagte lank vreedsaam saamgeleef het. "Ek kan steeds nie behoorlik slaap sedert die skietery nie, weens die gruwels wat ek gesien het." Bid dat mense die vryheid sal hê om veilig te aanbid.

Dinsdag 15
"Jesus is die enigste bron van sekuriteit. Ek is nie bang vir die dood nie." Bid dat God Christene in die vervolgde Kerk sal versterk om veilig in Hom te wees te midde van daaglikse aanvalle, inhegtenisnemings, ondervragings en soveel pyn en trauma.

Woensdag 16
Prys die Here vir die werk van ICC (International Christian Concern). Hierdie feestyd staan ons vervolgde gelowiges regoor die wêreld by en rus ons hulle toe met hulpbronne om hulself op 'n volhoubare en waardige manier te onderhou."

Donderdag 17
Deur hul getuienisse het hulle ons gewys dat blydskap nie van ons omstandighede afhang nie. Dit is gewortel in die Goeie Nuus wat die engele aan "die hele volk" verkondig het – die geboorte van ons Verlosser, Jesus Christus. Immanuel, God met ons, is die rede waarom ons blydskap voortduur, selfs te midde van lyding.

Vrydag 18
Dink aan ons vervolgde familie: Die feestyd kan vir baie vervolgde Christengesinne uitdagend wees. Omdat Kersfees die koms van Jesus, ons Verlosser, na die wêreld vier, kan dit tot groter vervolging lei. Ontelbare gesinne word gedwing om Kersfees in die geheim te vier. Bid vir vrede en beskerming vir hulle.

Saterdag 19
Vroeg in Oktober is Malid Malak, 'n 20-jarige Egiptiese Koptiese Christen, deur die Islamitiese Staat-groep in Libië ontvoer en vermoor. Malak het tot die einde toe vasgestaan in sy geloof. Hy het vir sy vervolgers gesê: "Selfs al sny julle my in stukke, sal ek nooit my geloof verloën nie." Bid vir Malid se familie en kerk.

Sondag 20
Advent: Week 4 Tema: LIEFDE
"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." Joh. 3:16
"Here, vul asseblief ons harte met u liefde en omgee vir mense."

Maandag 21
"Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes." 1 Joh. 4:10.
Bid dat liefde die haat in die wêreld sal vervang. Loof die Here vir Sy Liefde.

Dinsdag 22
Bid dat ons wat vrylik kan aanbid, getrou sal wees in gebed en ondersteuning aan vervolgde gelowiges wêreldwyd. Geopende Deure, Voice of the Martyrs en ander getuig: "Julle ondersteuning stel ons in staat om gelowiges in tye van nood by te staan deur lewensmiddele, bemoediging en gebed te bied."

Woensdag 23
"En hierdie gebod het ons van Hom ontvang: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê." 1 Joh. 4:21. Bid vir die herstel van verhoudings binne gesinne.

Donderdag 24
"Dit het gebeur sodat die woord wat die Here deur die profeet gesê het, vervul sou word: *"Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom **Immanuel** noem."* Matt. 1:22, 23.
Bid dat die Goeie Nuus van Jesus al die nasies sal bereik.

Vrydag 25
*"Die engel sê toe vir hulle: 'Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die **Verlosser** gebore, **Christus** die Here!'" Luk. 2:10, 11.*
Vier die geboorte van Jesus, ons Verlosser, met blydskap en dankbaarheid!

Saterdag 26
Bid vir die 388 miljoen Christene wat onder omstandighede van hoë tot uiterste vervolging leef en nie die vryheid het om die geboorte van Jesus openlik te vier of saam Kersliedere te sing nie. Bid vir dié wat in die gevangenis is, alleen is en pyn verduur... Bid dat hulle Jesus se Liefde en teenwoordigheid ervaar.

Sondag 27
Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd." Jes. 9:6, 7.
Dank die Here vir hierdie belofte: Jesus het gekom en die dood oorwin.

Maandag 28
Stel jou voor jy is 'n pastor: Jou kerk is afgebrand. Jou gemeenskap is bang. En die volgende Sondagoggend moet jy jou verskrikte gemeente toespreek in die afgebrande murasie van jou kerk. Bid vir die Christene in Nigerië wat so leef.

Dinsdag 29
Saman en sy kinders is gelowiges in 'n gemeenskap waar die meerderheid Moslem is. "Ons het gebid en God gevra om ons situasie te verander," sê Samman, 'n enkelpa van twee kinders. "Toe hoor ons hulle buite. Eers toe hulle inkom en met ons begin praat, het ons besef dat hulle gelowiges is wat ons opgespoor het. Miskien het Jesus hulle van ons situasie vertel." Prys die Here!

Woensdag 30
Dank die Here vir die onbekende aantal mense wat die afgelope jaar tot geloof gekom het. Prys Hom dat Hy lewens verander. Bid dat elke nuwe gelowige goeie dissipelskap sal ontvang. Dank die Here vir die baie seëninge wat julle ervaar het.

Donderdag 31
"Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie uitgeput nie." Jes. 40:31. Vra die Here om jou in staat te stel om die nuwe jaar met geloof, hoop en liefde in jou hart binne te gaan. Mag ons getrou wees aan sy roeping op ons lewens.